CAPS

maskew miller learning



GRAAD 1 LEERDERBOEK

# Platinum

## Lewensvaardigheid

J. Mansfield • S. Mahomed • L. Shaw • C. Gleeson-Baird

Platinum Lewensvaardigheid Graad 1 Leerderboek

Maskew Miller Learning
Freedomweg 10, Milnerton, Kaapstad, 7441

© Maskew Miller Learning (Pty) Ltd 2025

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer word, in 'n inligtingstelsel bewaar word, of versend word in enige vorm of op enige manier, hetsy elektronies, meganies, deur fotokopiëring, klankopnames, of andersins, sonder vooraf skriftelike toestemming van die kopiereghouer nie.

Om aansoek te doen vir toestemming om enige deel van hierdie publikasie te reproduseer of aan te pas, kontak die Kopieregspan by 021 532 6000 of per e-pos by rightsgranting@mml.co.za. Kopieregskending kan gerapporteer word deur 'n e-pos te stuur aan copyright@mml.co.za.

Xde uitgawe 20XX

ISBN 978-1-779-83458-4
Epdf ISBN 978-1-779-89494-6

Uitgewer: Mihlali Ndzendze
Redakteur: Ru Bailey
Redigering deur Michelle Rabie
Omslagontwerp deur MML Visual Design
Omslagfoto deur MML Visual Design
Boekontwerp deur MML Visual Design
Kunswerk en Illustrasies deur Chamique Johnson, MML Visual Design, Robin Mcbride, Raphael Njoroge, Bennie Kruger, Fungai Mudimu, Angie Bowring, Patrick Latimer, Susie Appleby, Tebatso Machaba, Ken Etberg, Ronell Lareman, Izak Vollgraaf, Danielle Albertyn, Kobus Galloway
Geset deur The Icon Agency
Gedruk deur

**Erkennings**
Die skrywers en uitgewer bedank die volgende vir die gebruik van foto's:

p49b, sundaemorning/123RF; p49c, vystekphotographie/123RF; 76c, peopleimages12/123RF; 76d, peopleimages12/123RF; p93b, gianlucapiccin/123RF; p93e, lexmomot/123RF; p106c, newgena/123RF; p108, sdart/123RF; p110b, jangobeat/123RF; p110c, sarahdoow/123RF; p110d, sunshineseeds/123RF; p126b, digicomphoto/123RF; p126c, fvphotography/123RF; p127a, serezniy/123RF; p127b, serezniy/123RF; p127c, galsand2/123RF; p127d, poko42/123RF; p131, sdart/123RF; p133a, jat306/123RF; p133b, grynold/123RF; 133c, erstudiostok/123RF; 134a, petertt/123RF; 138c, idmanjoe/123RF; 138f, photonaatoy/123RF; 138g, sergey0506/123RF; 138i, supermatos/123RF; 138m, lightkeeper/123RF; 144a, macrovector/123RF; 144c, djvstock/123RF; p170, jemastock/123RF;

**Shutterstock**
p13c, PEPPERSMINT; p13e, Shutterstock; p13g, Kanghophoto; p13h, Shutterstock; p13i, Shutterstock; p13j, PixelsMD Production; p16a. Evgeny Atamanenko; p16b, Vadym Lavra; p16c, ArtHeart; p16d, alazur; p16e, vectorfusionart; p22a, Marinchev Viacheslav; p22c, SAMONNOY; p24a, Mix Tape; p24b, ClassicVector; p24c, Passion-pearl; p28, jsabirova; p33a. mr.staphylococcus aureus; p33b, Dualororua; p40a, fizkes; p40b, Odua Images; p47a, Picture-Xpress; p47b, CristinaM_23; p49a, rbkomar; p49d, Lucky Business; p49e, SeventyFour; p49f, Alberto Cotilla; p58a, Dikushin Dmitry; p58b, megaflopp; p59a, Venkatesa Perumal; p59b, wavebreakmedia; p59c, Roman Samborskyi; p63b, Mr.Teerapong Kunkaeo; 63d, Mr.Teerapong Kunkaeo; p68a, fizkes; p68b, AYO Production; p68c, Ground Picture; p69, Your_universe; p70a, Tenstudio; p70b, Colorfuel Studio; p70c, Mark Skitsky; p70d, BlueRingMedia; p70e, Dualororua; p75a, Vector Club; p75b, Victor Brave; p75c, Colorfuel Studio; 76a, PeopleImages.com - Yuri A; 76b, Lucian Coman; 83e, afniandji8999; p84c, Ali _Cobanoglu; p87, Roman Chazov; p90a, Art_Volkusha; p90b, David Michael Bellis; p90c, Vortex525; p93a, Klever LeveL; p93c, Krysek; p93d, Reshetnikov_art; p105a, Peter Turner Photography; p106a, Africa Studio; p106b, monticello; p106e, Marcin Osman; p106f, Ryzhkov Oleksandr; p106g, Agami Photo Agency; p107a, Taras Grebinets; p107b, BurntImagesLLC; p107c, Ondrej Prosicky; p110a, Vaclav Sebek; p111b, Jakaphop Rungrot; p113b, Pisut chounyoo; p113c, Agami Photo Agency; p121a, Zoom Team; p121b, pp1; p121c, yevgeniy11; p121d, MaraZe; p121f, Clara Bastian; p121g, StockMediaSeller; p121h, yas_creative; p121k, MaraZe; p126d, Timmary; p128a, Aninka Bongers-Sutherland; p128b, Thao Lan; p128, Axel Mel; 132a, xNick; p132b, Javier Catano Gonzalez; p132c, EditheVideo; p132d, Frank Fennema; 134b, xNick; 134c, Javier Catano Gonzalez; 134d, Day Of Victory Studio; 134e, Yuri Orgunov; p136a, Piotr Piatrouski; 136b, Hyserb; 136c, anandoart; p137a-e, anandoart; p138a, iphotosmile; p138b, alexgo.photography; 138d, Stokkete; 138e, Camp1994; 138h, Justin Beyerlin; 138j, Skrypnykov Dmytro; 138k, U. J. Alexander; 138l, Bannafarsai_Stock; 138n, Evannovostro; p139, Sanches11; p141, Sanches11; 144b, Black Creator 24; 144d, haraki project; p156b, Komsan Loonprom; p156c, FamVeld; 158b, David Michael Bellis; 158c, Prostock-studio; 159a, AngelaAllen; 159b, Douglas Cliff; 160a, New Africa; 160b, Vlyaks; 160c, CL Shebley; 160d, Douglas Cliff; 160e, tawanroong; p164a, Anastacia - azzzya; p164b, Rodrigorcm; p166a, KK.KICKIN; p166b, SureeNah; p166c, nednapa; p167, Istomina Olena; p169, KK.KICKIN; 174a, Javier Catano Gonzalez; 174b, xNick; 174c, EditheVideo; p175a, SureeNah;
Die skrywers en uitgewer bedank die volgende vir die gebruik van kopieregmateriaal:
p92, Sockeye Media LLC;

# Welkom by die avontuur van leer

Liewe Leerder

Welkom by hierdie opwindende Leerderboek! Jy gaan oulike karakters ontmoet. Elkeen van hulle is net so spesiaal soos jy!




Ons het afdelings in die handboek gesit wat jou sal help om te leer en te ontdek. Ons hoop dis vir jou lekker om saam met ons te leer.

- **Kom ons begin:** Elke onderwerp begin met belangrike inligting oor wat jy gaan leer.
- **Tyd om te ontdek:** Die aktiwiteite sal jou help om nuwe idees te ontdek. Jy gaan ook nuwe feite leer en raaisels oplos.
- **Nuwe woorde:** Ons verduidelik die nuwe woorde in elke les.
- **Liggaamlike Opvoeding:** Wanneer jy hierdie ikoon  sien, weet jy dis tyd om jou lyf te beweeg.
- **Skeppende Kunste:** Hierdie ikoon  sê dis tyd om jou verbeelding te gebruik.
- **Wat het jy geleer?** Aan die einde van elke onderwerp kan jy hierdie aktiwiteite voltooi. Jy sal sien wat jy alles geleer het!
- **Formele assessering:** Hierdie vrae toets of jy al die werk verstaan wat jy hierdie kwartaal geleer het.

Partykeer sal jy alleen werk, ander kere sal jy saam met jou maats in 'n groep werk. Julle gaan saam sing, dans en leer. Let mooi op in die klas. Vra jou juffrou as jy iets nie verstaan nie of meer wil weet.

Saam met jou maats gaan jy lekker leer, speel en nuwe goed maak.

Lekker leer!

# Inhoudsopgawe

## Kwartaal 1


**Onderwerp 1 Ek** ........ 1
Meer oor my ........ 2
Ek is uniek ........ 3
Dinge wat ek kan doen ........ 4
Hoe is ek dieselfde as my maats? ........ 5
Hoe is ek anders as my maats? ........ 6
Wat het ons geleer? ........ 7

**Onderwerp 2 By die skool** ........ 8
Mense by die skool ........ 10
Plekke by die skool ........ 11
In die klas ........ 13
Hoe kom ek by die skool? ........ 15
Wat het ons geleer? ........ 17

**Onderwerp 3 Gesonde gewoontes** ........ 18
Slaap ........ 20
Eet gesonde kos ........ 21
Hoe om 'n toilet reg te gebruik ........ 22
Hoe om skoon te bly ........ 23
Oefen en speel gereeld ........ 24
Wat het ons geleer? ........ 25

**Onderwerp 4 Die weer** ........ 26
'n Weerkaart vir elke dag ........ 28
Ons en die weer ........ 30
Godsdienstige en ander spesiale dae ........ 32
Wat het ons geleer? ........ 33

**Formele assessering: Kwartaal 1** ........ 34


## Kwartaal 2


**Onderwerp 5 My gesin en my familie** ........ 36
Wat is 'n gesin? ........ 38
Wat is 'n familie? ........ 40
Omgee vir mekaar by die huis ........ 41
Wat het ons geleer? ........ 43

**Onderwerp 6 Veiligheid by die huis** ........ 44
Gevare by die huis ........ 46
Hoe om veilig te bly ........ 47
Hoe om veilig te bly as jy alleen by die huis is ........ 48
Noodnommerkaart ........ 50
Wat het ons geleer? ........ 51

**Onderwerp 7 My lyf** ........ 52
Dele van my lyf ........ 54
Dele van my lyf wat kan beweeg ........ 56
Dele van my lyf wat ek nie kan sien nie ........ 58
Die vyf sintuie ........ 61
Wat het ons geleer? ........ 63

**Onderwerp 8 Hou my lyf veilig** ........ 64
Veilige en onveilige situasies en plekke ........ 66
'JA'- en 'NEE'-gevoelens ........ 68
Oefen om 'NEE' te sê ........ 69
Hoe om ons teen siektes te beskerm ........ 70
Maak water veilig om te drink ........ 71
Godsdienstige en ander spesiale dae ........ 72
Wat het ons geleer? ........ 73

**Formele assessering: Kwartaal 2** ........ 74

# Kwartaal 3

**Onderwerp 9 My gemeenskap** ...................... 76
Plekke in my gemeenskap ............. 78
Mense in my gemeenskap ............. 80
Hoe om my gemeenskap te help .. 82
Hou plekke skoon ........................... 83
Wat het ons geleer? ........................ 85
**Onderwerp 10 Troeteldiere** ............................ 86
Diere wat troeteldiere kan wees .... 88
Hoe om vir troeteldiere te sorg ....... 90
Behandel diere goed ....................... 93
Wat het ons geleer? ........................ 95
**Onderwerp 11 Maniere en verantwoordelikhede** ...................... 96
Ons groet mense reg ...................... 98
Wag my beurt af .......................... 100
Wees vriendelik ............................ 100
Wees eerlik .................................. 101
Respek vir mense en hulle goed ... 102
Wat het ons geleer? ..................... 103
**Onderwerp 12 Plante en sade** .................... 104
Waarom ons plante nodig het ...... 106
Hoe plante lyk .............................. 108
Vergelyk plante: Wat is dieselfde? Wat is anders? ............................. 110
Sade en waar hulle vandaan kom 113
Wat plante nodig het om te groei . 114
Kweek 'n plant van 'n saad .......... 115
Wat het ons geleer? ..................... 117
**Onderwerp 13 Kos** ....................................... 118
Kos wat ons eet ........................... 120
Waar kom ons kos vandaan? ....... 121
Hoe om gesond te eet .................. 123
Hoe om kos te stoor ..................... 126
Godsdienstige en ander spesiale dae ............................................... 128
Wat het ons geleer? ..................... 129
**Formele assessering: Kwartaal 3** .................. 130

# Kwartaal 4

**Onderwerp 14 Huise** .................................... 132
Soorte huise ................................. 134
Huise vir verskillende weer .......... 136
Waarvan huise gebou word ......... 138
Wat het ons geleer? ...................... 141
**Onderwerp 15 Prentekaarte** ......................... 142
Vind plekke en dinge op 'n prentekaart.................................... 144
Vind die pad van een plek na 'n ander ............................................. 146
Vind die plekke in 'n storie op 'n prentekaart .................................. 148
Wat het ons geleer? ...................... 151
**Onderwerp 16 Water** .................................. 152
Hoe gebruik ons water? ................ 154
Hoe water gemors word ............... 156
Hoe om water te spaar ................. 157
Veilige en onveilige drinkwater ..... 158
Hoe ons skoon water stoor ........... 160
Wat het ons geleer? ...................... 161
**Onderwerp 17 Die hemelruim in die nag** ....... 162
Van dag na nag ............................ 164
Die hemelruim in die nag ............ 166
Die maan ..................................... 167
Sterre .......................................... 169
Godsdienstige en ander spesiale dae ............................................... 171
Wat het ons geleer? ...................... 173
**Formele assessering: Kwartaal 4** ................... 174
**Nuwe woorde** ............................................. 176

# Onderwerp 1 Ek



Ek is uniek.



9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 6 2025/10/01 15:24

## Kom ons begin

1. Hoeveel kinders sien jy in die prent?
2. Na wie wys hulle?
3. Lyk hulle almal dieselfde?



## Aktiwiteit 1

**Werk in pare.**

1. Hoeveel kinders het donker hare?
2. Hoeveel kinders dra wit hemde?
3. Watter kleur hemp dra die kind met die bril?
4. Watter kind se tand het uitgeval?



9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 1 2025/10/01 15:24

# Meer oor my


## Aktiwiteit 2




My naam is Lina Ek woon in Hoofstraat 10, in Kaapstad. Ek verjaar vandag. Ek is nege jaar oud.

**Werk in groepe.**

1. Sê hoe Lina lyk.
2. Hoe oud is Lina?
3. Waar woon Lina?



### Tyd om te ontdek



Teken ’n prent van jouself.

Skryf jou naam, hoe oud jy is en jou **adres**.




9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 2 2025/10/01 15:24

# Ek is uniek



My hare



My oë



My mond

Ek is **uniek**. Ek lyk anders as my gesin en my maats.

## Aktiwiteit 3

**Werk op jou eie.**

1. Sê vir jouself: Ek is uniek.
2. Maak elke sin klaar:
   - a. Ek het _____________ hare.
   - b. Ek het _____________ oë.
   - c. Ek hou daarvan om _____________ te speel.

Nuwe woorde

**uniek**: daar is net een soos jy



9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 3 2025/10/01 15:24

Kwartaal 1

# Dinge wat ek kan doen


Ek kan dinge doen wat my uniek maak.

1 2 3 4

Ek kan tel.



Ek weet hoe diere klink.




Ek ken vorms en kleure.

## Aktiwiteit 4

**Werk in pare.**

1. Ken jy die name van hierdie vorms? Ken jy hulle kleure?




2. Teken 'n blou driehoek.
3. Tel van een tot tien.

### Tyd om te ontdek

Noem drie dinge wat jy kan doen.

# Hoe is ek dieselfde as my maats?

Hier is dinge wat vir my en my maats dalk dieselfde is.




## Aktiwiteit 5

**Werk in pare.**

1. Van watter kleur hou julle al twee?
2. Van watter vrug hou julle al twee?
3. Van watter speletjie hou julle die meeste?
4. Kyk na jou maats in die klas. Het een van hulle dieselfde kleur oë as joune?

# Hoe is ek anders as my maats?




## Tyd om te ontdek

1. Wat is dieselfde by die twee maats in prent 1?
2. Hoe **verskil** die twee meisies in prent 2?
3. Hou die twee kinders in prent 3 daarvan om dieselfde dinge te doen?

**Nuwe woorde**

**verskil**: as iets nie dieselfde is nie

**adres**: waar jy bly



9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 6 2025/10/01 15:24

# Wat het ons geleer?

1. Skryf jou naam en van.
2. Hoe oud is jy?
3. Wanneer verjaar jy?
4. Skryf jou adres neer.
5. Sê een ding wat jy graag doen.
6. Teken 'n prent van jou en jou maat.



9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indd 7 2025/10/01 15:24

# Onderwerp 2 By die skool




Ons begin ons dag by die skool



9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indd 8 2025/10/01 15:24

## Kom ons begin



Kyk na die prent.


1. Wat sien jy voor op die **skool** geskryf?
2. Wat doen die **leerders** as hulle by die skool kom?
3. Hoe laat gaan jy skool toe?

## Aktiwiteit 1



**Werk op jou eie.**

1. Teken jouself in jou **skooldrag**.
2. Skryf jou skool se naam onderaan die prent.



### Tyd om te ontdek

Wat is vir jou lekker van jou skool?




**skool**: plek waar mens leer
**leerder**: 'n kind wat skool toe gaan
**skooldrag**: spesiale klere wat ons by die skool dra



9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 9 2025/10/01 15:24

# Mense by die skool


## Aktiwiteit 2




Meneer Adams is die hoof. Hy groet die graad 1's op hulle eerste dag van skool. Juffrou Nel is die juffrou.

**Werk in groepe.**

1. Wie is die **hoof**?
2. Wie is die **juffrou**?
3. Wat doen hoof van 'n skool?



**Tyd om te ontdek**

Wat is jou hoof se naam? Wat is jou juffrou of meneer se naam?

**Nuwe woorde**


**hoof**: die persoon wat kyk dat almal die reëls volg

**juffrou of meneer**: iemand wat jou help om te leer



9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 10 2025/10/01 15:24

# Plekke by die skool







9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 11 2025/10/01 15:24

## Tyd om te ontdek

Kyk na die **kaart** van die skool.




1. Tel die treë tot by die hoof se kantoor.
2. Tel die treë tot by die toilet.
3. Skryf die treë neer.
4. Het jou skool ander plekke as die skool in die prent?

Nuwe woorde

**speelgrond**: waar jy pouses speel
**klaskamer**: waar jy by jou tafel sit en werk
**kaart**: 'n prent wat wys waar plekke is



9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 12 2025/10/01 15:24

# In die klas


1


2


3


4


5


6


7


8


9


10



9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 13 2025/10/01 15:24

## Aktiwiteit 3

**Werk in pare.**

Kyk na die prente op bladsy 13. In jou oefenboek, pas die nommer van die prente by die aktiwiteit. Die eerste een is vir jou gedoen.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 10 | Ons gaan huis toe | | Bêre my tas |
| | Staan in 'n ry | | Klok lui |
| | Pak my tas uit | | Speeltyd |
| | Etenstyd | | Begin werk |
| | Groet my juffrou | | Ons werk op die mat |

**Tyd om te ontdek**

Is daar reëls in jou klas?

Noem twee klasreëls wat jy moet volg.

**Nuwe woorde**

**reëls**: dinge wat ons mag en nie mag doen nie



9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 14 2025/10/01 15:24


# Hoe kom ek by die skool?




Jan en Sipho
stap skool toe.



Megan ry fiets
skool toe.



Frank, Tom en Karla
gaan met 'n taxi
skool toe.



Hanna en Busi ry saam
met hulle ma in haar motor.



Abdul ry met die bus
skool toe.



9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 15 2025/10/01 15:24

## Aktiwiteit 4

**Werk in groepe.**

Hoe kom hierdie kinders by die skool?



**1.** Hanna en Busi



**2.** Abdul



**3.** Sipho en Jan



**4.** Megan



**5.** Frank, Tom en Karla

### Tyd om te ontdek

1. Hoe kom jy by die skool?
2. Hoe kan kinders nog by die skool kom?

# Wat het ons geleer?

**Werk op jou eie.**

Maak die sinne klaar.

1. My skool se naam is ____________________.
2. My hoof se naam is ____________________.
3. My juffrou of meneer se naam is ______________.
4. Ek kom skool toe met ___________________.

Antwoord: Ja of Nee.

1. Ek kan by my skool uitkom.
2. Ek weet waar die speelgrond is.
3. Die hoof se kantoor is ver van my klas af.
4. Die toilette is naby aan my klas.
5. My skool het 'n snoepie.



9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 17 2025/10/01 15:24

# Onderwerp 3 Gesonde gewoontes













Ons leef gesond.



9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 18 2025/10/01 15:24

## Kom ons begin

Gesonde gewoontes is goed vir jou lyfie. Hulle is:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Eet gesonde kos | Slaap genoeg | Oefen en speel | Hou jou lyf skoon |

## Aktiwiteit 1

**Werk in groepe.**

1. Kyk na die prente. Watter gesonde gewoonte het jy elke dag?
2. Hoekom moet ons elke dag ons tande borsel?

### Tyd om te ontdek

Hoekom is slaap ’n goeie gewoonte?

### Nuwe woorde

**gesond**: hou jou liggaam sterk

**gewoonte**: om elke dag dieselfde ding te doen



9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 19 2025/10/01 15:24

# Slaap

Ons lyfies moet slaap.

**Slaap**

- Jy het meer **energie**.
- Dit help jou bene groei.
- Jou brein en lyf koel af.
- Dit help jou lyf om **kieme** te beveg.

Om genoeg slaap in te kry, moet jy agtuur in die bed wees.

## Aktiwiteit 2



**Werk op jou eie.**

1. Teken 'n prent van hoe jy slaap.
2. Wat dink jy gebeur met jou lyf as jy slaap?

**Nuwe woorde**

**energie**: wat jou laat wakker en sterk voel

**kieme**: iets wat ons siek maak




9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indd 20 2025/10/01 15:24

# Eet gesonde kos

Gesonde kos maak jou sterker.

Gesonde kos is vrugte, vleis en groente.




## Aktiwiteit 3



**Werk in groepe.**

1. Maak 'n plakkaat van gesonde kos en happies.
2. Teken die prente of knip hulle uit en plak hulle. Jy kan ou tydskrifte of koerante gebruik.
3. Wys julle plakkaat vir die klas.



**Tyd om te ontdek**

Noem al die groente en vrugte op wat jy ken.



9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 21 2025/10/01 15:24

# Hoe om 'n toilet reg te gebruik

By die huis en skool moet ons 'n toilet met ander mense deel. Ons moet goeie gewoontes vir die toilet aanleer.




Die toilet moet skoon wees as jy klaar is.



Moenie die toilet-papier mors nie.



Was altyd jou hande as jy klaar is.



**Tyd om te ontdek**

Wat moet ons doen as die toilet vuil is?

**Onthou:**

Spoel die toilet as jy klaar is. Draai die kraan toe as jy klaar jou hande gewas het.




9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 22 2025/10/01 15:24

# Hoe om skoon te bly

Só hou ons ons lyfies skoon:

a



b


c


d


e


f


g


h


## Aktiwiteit 4

**Werk in pare.**

1. Praat oor wat in elke prent gebeur.
2. Hoe hou jy jou lyfie skoon?
3. Wanneer borsel jy jou tande?
4. Hoekom moet ons ons lyfies skoon hou?



9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 23 2025/10/01 15:24

# Oefen en speel gereeld

Hou jou lyf gesond deur te oefen en met maats te speel.

Hier is 'n paar maniere waarop ons speel en oefen:



Doen 'n sport



Lees boeke




Doen kuns

## Aktiwiteit 5

**Werk in pare.**

1. Hoe oefen jy graag?
2. Hoeveel keer 'n week oefen jy?
3. Watter soorte sport doen jy by die skool?



**Tyd om te ontdek**

Is dit 'n goeie gewoonte om heeltyd televisie te kyk?

**Nuwe woord**

**oefen**: wanneer jy beweeg om jou lyf gesond te hou



9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 24 2025/10/01 15:24

# Wat het ons geleer?

**Werk op jou eie.**

1. Teken al die gesonde gewoontes wat jy in die oggend voor skool doen.
2. Watter goeie gewoontes moet jy by die skool hê?
3. As ek my hande was of my tande borsel, moet ek die ________________ toedraai.
4. Staan op een been. Lig jou een been stadig op sodat jy op een been staan. Tel tot tien. Staan nou op jou ander been. Tel tot tien.







9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 25 2025/10/01 15:24

# Onderwerp 4 Die weer







9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 26 2025/10/01 15:24

## Kom ons begin

Kyk na die drie prente

1. Watter soort **weer** sien jy in elke prent?
2. Watter klere moet jy dra as dit reën?
3. Hoe voel jy as dit warm is?
4. Hoe voel jy as dit koud is?





## Tyd om te ontdek



Gaan buitentoe.

1. Hoe is die weer?
2. Teken wat jy sien.

**weer**: warm of koud, son, wolke, wind, reën, mis en sneeu

**Nuwe woord**



9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 27 2025/10/01 15:24

# 'n Weerkaart vir elke dag

## Aktiwiteit 1




**Werk op jou eie.**

1. Kyk na die weerkaart vir die dag. Praat oor die weer wat jy sien.
2. Gebruik jou oefenboek. Teken jou eie weerkaart vir die dag. Teken die son, reën, wind en wolke.





9781779834584_plt_lif_g01_lb_afr_za.indb 28 2025/10/01 15:24